



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2922 PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB REGULASIEKOERANT No. 2922
Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 30c BUITELANDS As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer
POST FREE · POSVRY

Vol. 174] PRETORIA, 7 DECEMBER 1979 [No. 6765
DESEMBER

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 292, 1979

**DECIDUOUS FRUIT SCHEME.—
AMENDMENT**

Whereas the Minister of Agriculture has in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment as set out in the Schedule hereto, to the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation R. 220 of 1979, and has, under section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a), read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-second day of November, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

Section 31 of the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation R. 220 of 1979, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (3) (c) of the words preceding paragraph (i) of the following words:

“(c) in the case of a levy on deciduous fruit sold for fresh consumption in the Republic otherwise than in terms of a permit referred to in paragraph (a)—”;

(b) by the substitution in subsection (4) for the words “apples and pears” and the word “apples” of the words “deciduous fruit”;

(c) by the substitution in subsection (5) for the words “apples and pears” of the words “deciduous fruit”.

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 292, 1979

SAGTEVRUGTESKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou, kragtens artikel 9 (2) (c), gelees met artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie R. 220 van 1979, aangeneem het en kragtens artikel 12 (1) (b) van bogenoemde Wet, goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a) saamgelees met die genoemde artikel 15 (3), van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging op datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twee-entwintigste dag van November Eenduisend Nege-honderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Artikel 31 van die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie R. 220 van 1979, word hiermee gewysig—

(a) deur in subartikel (3) (c) die woorde wat paragraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(c) in die geval van ’n heffing op sagtevrugte wat vir varsverbruik in die Republiek verkoop word anders as kragtens ’n in paragraaf (a) bedoelde permit—”;

(b) deur in subartikel (4) die woorde “appels en pere” deur die woord “sagtevrugte” te vervang;

(c) deur in subartikel (5) die woorde “appels en pere” deur die woord “sagtevrugte” te vervang.

No. R. 297, 1979

DATE OF COMMENCEMENT OF SECTIONS 14 AND 16 (a), (f), (g) AND (h) OF THE HEALTH ACT, 1977 (ACT 63 OF 1977)

Under and by virtue of the powers vested in me by section 64 of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977), I hereby declare that the provisions of sections 14 and 16 (a), (f), (g) and (h) of the said Act shall come into operation from the date of publication of this Proclamation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-seventh day of November, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

L. A. P. A. MUNNIK.

GOVERNMENT NOTICES**DEPARTMENT OF COMMERCE AND CONSUMER AFFAIRS**

No. R. 2723

7 December 1979

COMPANIES ACT, 1973**STANDING ADVISORY COMMITTEE REGULATIONS**

The Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs has under and by virtue of section 15 (1) of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), made the following regulations:

Meetings of the standing advisory committee and subcommittees

1. (1) Meetings of the standing advisory committee and any standing subcommittee shall be held at such times and places as the Registrar in consultation with the chairman may determine.

(2) Any meeting of the standing advisory committee or any standing subcommittee shall be convened by notice given to every member of the standing advisory committee or standing subcommittee, as the case may be, by or by direction of the chairman or the Registrar.

(3) The Registrar shall keep a record of the findings and recommendations of the standing advisory committee or any standing subcommittee.

Remuneration, allowances, transport and travelling of members

2. (1) Any member of the standing advisory committee or of any standing subcommittee or any person or persons referred to in section 18 (5) of the Act who is not in the full-time employ of the State and who on recommendation of the standing advisory committee has been or is requested to perform any work on behalf of the standing advisory committee or any standing subcommittee, shall be paid such remuneration as may be determined by the Treasury.

(2) Any member of the standing advisory committee and of any standing subcommittee and any other person or persons referred to in section 18 (5) of the Act who is not in the full-time employ of the State shall, for the attendance of meetings and for the performance of any work referred to in subparagraph (1), be entitled to the allowances, transport and other travelling facilities prescribed in that connection in the Treasury Instructions issued in terms of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), in respect of members of a commission of inquiry.

No. R. 297, 1979

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN ARTIKELS 14 EN 16 (a), (f), (g) EN (h) VAN DIE WET OP GESONDHEID, 1977 (WET 63 VAN 1977)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 64 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels 14 en 16 (a), (f), (g) en (h) van genoemde Wet in werking tree vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewe-entwintigste dag van November Eenduisend Negehon-derd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

L. A. P. A. MUNNIK.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**DEPARTEMENT VAN HANDEL EN VERBRUIKERSAKE**

No. R. 2723

7 Desember 1979

MAATSKAPPYWET, 1973**REGULASIES VIR DIE VASTE ADVIESKOMITEE**

Die Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake het kragtens artikel 15 (1) van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), die volgende regulasies gemaak:

Vergaderings van die vaste advieskomitee en subkomitees

1. (1) Vergaderings van die vaste advieskomitee en 'n vaste subkomitee word op die tye en plekke gehou wat die Registrateur in ooreenstemming met die voorsitter bepaal.

(2) 'n Vergadering van die vaste advieskomitee of 'n vaste subkomitee word belê deur kennis aan elke lid van die vaste advieskomitee of vaste subkomitee, na gelang van die geval, deur of in opdrag van die voorsitter of die Registrateur, te gee.

(3) Die Registrateur moet rekord hou van die bevindings en aanbevelings van die vaste advieskomitee en enige vaste subkomitee.

Vergoeding, toelaes, vervoer en reise van lede

2. (1) Aan 'n lid van die vaste advieskomitee of van 'n vaste subkomitee of die ander persoon of persone bedoel in artikel 18 (5) van die Wet wat nie voltyds in diens van die Staat is nie en wat op aanbeveling van die vaste advieskomitee versoek is of word om werk namens die vaste advieskomitee of 'n vaste subkomitee te verrig, word die vergoeding betaal soos deur die Tesourie bepaal.

(2) 'n Lid van die vaste advieskomitee en van 'n vaste subkomitee en enige ander persoon of persone bedoel in artikel 18 (5) van die Wet wat nie voltyds in diens van die Staat is nie, is vir die bywoning van vergaderings of vir die verrigting van werk bedoel in subregulasie (1) geregtig op die toelaes, vervoer- en ander reisgeriewe wat in dié verband in die Tesourie-instruksies uitgevaardig kragtens die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), ten opsigte van lede van kommissies van ondersoek, voorgeskryf word.

(3) Any claim in respect of remuneration or allowances or the expenses connected with transport and travelling facilities contemplated in subregulations (1) and (2), shall be lodged with the Registrar for payment.

Withdrawal of regulations

3. The Standing Advisory Committee Regulations, 1973 promulgated by Government Notice R. 1949 of 19 October 1973, are hereby withdrawn.

(3) 'n Eis ten opsigte van vergoeding of toelaes of die uitgawes verbonde aan vervoer- en reisgeriewe in subregulasies (1) en (2) beoog, moet vir betaling by die Registrateur ingedien word.

Intrekking van regulasies

3. Die Regulasies vir die Vaste Advieskomitee, 1973 afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1949 van 19 Oktober 1973, word hierby ingetrek.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 2740 7 December 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/663)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Deputy Minister of Finance.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 2740 7 Desember 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/663)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

P. T. C. DU PLESSIS, Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
73.24 By the substitution for subheading No. 73.24.45 of the following: "73.24.45 Of weldless construction, of a capacity exceeding 300 litres	kg	free"		
84.40 By the substitution for subheading No. 84.40.15.10 of the following: ".10 Laundry drying machines, tumbler type, with a dry mass loading capacity not exceeding 7,5 kg	no.	25%		22% (U.K.)"

Notes.—1. The rate of duty on weldless containers, of iron or steel, of a capacity exceeding 300 litres, for compressed or liquefied gas, is reduced from 17,5% to free.

2. The reference to the wet mass loading capacity of tumbler type laundry drying machines is replaced by a reference to the dry mass loading capacity of such machines.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
73.24 Deur subpos No. 73.24.45 deur die volgende te vervang: „73.24.45 Van ongesweiste konstruksie, met 'n inhoudsvermoë van meer as 300 liter	kg	vry"		
84.40 Deur subpos No. 84.40.15.10 deur die volgende te vervang: „.10 Wasgoeddroogmasjiene, tuimeltipe, met 'n droëwasgoedinhoudsvermoë van hoogstens 7,5 kg	getal	25%		22% (V.K.)"

Opmerkings.—1. Die skaal van reg op ongesweiste houers, van yster of staal, met 'n inhoudsvermoë van meer as 300 liter, vir druk- of vervloeiende gas, word van 17,5% na vry verlaag.

2. Die verwysing na die natwasgoedinhoudsvermoë van tuimeltipe wasgoeddroogmasjiene word vervang met 'n verwysing na die droëwasgoedinhoudsvermoë van sodanige masjiene.

No. R. 2741 7 December 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 4 (No. 4/254)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Deputy Minister of Finance.

No. R. 2741

7 Desember 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 4 (No. 4/254)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

P. T. C. DU PLESSIS, Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
411.00	By the deletion of tariff heading No. 40.11.	

Note.—The provision for a rebate of duty on pneumatic tyres designed for use on agricultural tractors, is withdrawn.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
411.00	Deur tariefpos No. 40.11 te skrap.	

Opmerking.—Die voorsiening vir 'n korting op reg op lugbande ontwerp vir gebruik met landbou-trekkers, word ingetrek.

DEPARTMENT OF DEFENCE

No. R. 2775

7 December 1979

AMENDMENTS TO THE GENERAL REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE AND THE RESERVE

The State President has been pleased in terms of sections 87 (1) and 148 of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), to amend Chapter IX of the General Regulations for the South African Defence Force and the Reserve promulgated under Government Notice R. 276 of 25 February 1966, as set out in the Annexure hereto:

ANNEXURE

1. Regulation 10 (3) is hereby amended by the insertion of the following new paragraph (i) after paragraph (h):

“(i) any deliberate, planned and sustained effort to establish and maintain mutual understanding between a military organisation and the public.”

2. Regulation 62 (2) is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) any official of the Department of Defence, or an officer of any Government Department who performs duties relating to the Department of Defence or the SADF, or an official of Armscor and any of its subsidiaries who performs duties relating to the Department of Defence or the SADF in the area in which such institution is situated, or any member of the SA Police or of the SA Railway Police Force or of the Prisons Department.”

Amendment Slip 31]

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 2721

7 December 1979

APPLICATION OF PART III OF ACT 45 OF 1965 TO CERTAIN LOCAL AUTHORITY AREAS

In terms of section 14 (1) of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965), and after consultation with the Minister of Economic Affairs, I, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister of Health, hereby declare the provisions of Part III of the said Act to be applicable to the area of jurisdiction of the local authority mentioned in the Schedule hereto, with effect from the date of publication hereof.

SCHEDULE

Health Committee of Secunda.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

No. R. 2775

7 Desember 1979

WYSIGING VAN DIE ALGEMENE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG EN DIE RESERWE

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikels 87 (1) en 148 van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), Hoofstuk IX van die Algemene Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Weermag en die Reserve afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 276 van 25 Februarie 1966, te wysig soos in die Bylae hiertoe uiteengesit:

BYLAE

1. Regulasie 10 (3) word hierby gewysig deur die volgende nuwe paragraaf (i) na paragraaf (h) in te voeg:

“(i) enige doelbewuste, beplande en volgehoue poging om wedersydse begrip tussen 'n militêre organisasie en die publiek tot stand te bring en te handhaaf.”

2. Regulasie 62 (2) word hierby gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) 'n amptenaar van die Departement van Verdediging, of 'n beampte van 'n ander Staatsdepartement wat dienste verrig wat met die Departement van Verdediging of die SAW in verband staan, of 'n amptenaar van Krygkor en enige van sy filiale wat dienste verrig wat met die Departement van Verdediging of die SAW in verband staan, in die gebied waarin sodanige inrigting geleë is, of 'n lid van die SA Polisie of die SA Spoorweg Polisiemag of die Gevangenisdiens.”

Wysigingsblaadjie 31]

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 2721

7 Desember 1979

TOEPASSING VAN DEEL III VAN WET 45 VAN 1965 OP GEBIEDE VAN SEKERE PLAASLIKE BESTURE

Kragtens artikel 14 (1) van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), en na oorlegpleging met die Minister van Ekonomiese Sake, verklaar ek, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister van Gesondheid, hierby dat die bepalings van Deel III van genoemde Wet met ingang van die datum van publikasie hiervan op die regsgebied van die plaaslike bestuur in die Bylae hiervan genoem, van toepassing is.

BYLAE

Gesondheidskomitee van Secunda.

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. R. 2722 7 December 1979

**SEA BIRDS AND SEALS PROTECTION ACT,
1973 (ACT 46 OF 1973)****SEALING REGULATIONS**

The Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs has made the Regulations set out in the Schedule hereto, in terms of section 11 of the Sea Birds and Seals Protection Act, 1973 (Act 46 of 1973).

SCHEDULE

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, "the Regulations" means the regulations promulgated under Government Notice R. 1933 of 22 October 1976.

2. Regulation 3 (3) of the Regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph:

"(b) which has been shot, shall be shot a second time in the manner prescribed in paragraph (a), if there is doubt that it is dead or if an officer so instructs."

**DEPARTMENT OF MANPOWER
UTILISATION**

No. R. 2730 7 December 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY (CAPE).—AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Baking and/or Confectionery Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the area specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall *mutatis mutandis* be binding upon all persons who are not employees and who are employed in the said Industry by the employers upon whom any of the

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

No. R. 2722 7 Desember 1979

**WET OP DIE BESKERMING VAN SEEVOËLS
EN ROBBE, 1973 (WET 46 VAN 1973)****REGULASIES BETREFFENDE DIE JAG VAN
ROBBE**

Die Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake het kragtens artikel 11 van die Wet op die Beskerming van Seevoëls en Robbe, 1973 (Wet 46 van 1973), die regulasies in die Bylae hiervan uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1933 van 22 Oktober 1976.

2. Regulasie 3 (3) van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) wat geskiet is, moet indien daar twyfel bestaan of daardie robbul dood is, of indien 'n beampte aldus opdrag gee, 'n tweede keer geskiet word op die wyse voorgeskryf by paragraaf (a)."

**DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-
BENUTTING**

No. R. 2730 7 Desember 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**BAK- EN/OF BANKETNYWERHEID (KAAP).—
WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bak- en/of Banketnywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as die genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms, *mutatis mutandis* bindend is vir alle persone wat nie werknemers is nie en wat in diens is in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie

said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of such persons in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Cape Master Bakers' and/or Confectioners' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Bakery Employees' Industrial Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Baking and/or Confectionery Industry (Cape),

to amend the Main Agreement of the Council, published under Government Notice R. 2223 of 8 December 1972, as extended and amended by Government Notices R. 2388 and R. 2389 of 20 December 1974, R. 1713 and R. 1714 of 17 September 1976, R. 147 of 20 January 1978, R. 1803 and R. 1804 of 8 September 1978 and R. 163 and R. 164 of 2 February 1979.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Baking and/or Confectionery Industry—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and all employees who are members of the trade union;

(2) in the Magisterial Districts of The Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Goodwood, Kuils River, Somerset West, Strand, Stellenbosch, Paarl and Wellington.

2. CLAUSE 4.—WAGES

Substitute the following for subclause (1) (a):

<i>"(a) Employees other than casual employees</i>	<i>Per week</i>
	R
Foreman baker/confectioner.....	57,00
Inspector or overseer.....	57,00
Baker/Confectioner.....	47,00
Baker's and/or confectioner's assistant, male.....	32,50
Baker's and/or confectioner's assistant, female.....	29,00
Checker/despacher.....	38,60
Vanman—	
during first year of employment as a vanman in the Baking and/or Confectionery Industry.....	40,00
thereafter.....	46,00
Driver.....	33,00
Mechanic.....	61,80
Storeman.....	44,50
Clerical employee, male, unqualified—	
during first year of experience.....	27,50
during second year of experience.....	33,50
Clerical employee, male qualified.....	44,50
Clerical employee, female, unqualified—	
during first year of experience.....	23,00
during second year of experience.....	29,00
Clerical employee, female, qualified.....	33,50
Office messenger.....	28,50
Vanman's assistant or delivery assistant—	
during first six months of employment with the same employer.....	27,00
thereafter.....	29,50
General worker, male—	
during first six months of employment with the same employer.....	27,00
thereafter.....	29,50
General worker, female—	
during first six months of employment with the same employer.....	25,00
thereafter.....	26,50

enigee van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van sodanige persone in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BAK- EN/OF BANKETNYWERHEID (KAAP)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Cape Master Bakers' and/or Confectioners' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Bakery Employees' Industrial Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bak- en/of Banketnywerheid (Kaap),

om die Hoofooreenkoms van die Raad, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2223 van 8 Desember 1972, soos verleng en gewysig by Goewermentskennisgewings R. 2388 en R. 2389 van 20 Desember 1974, R. 1713 en R. 1714 van 17 September 1976, R. 147 van 20 Januarie 1978, R. 1803 en R. 1804 van 8 September 1978 en R. 163 en R. 164 van 2 Februarie 1979, te wysig.

I. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms moet in die Bak- en/of Banketnywerheid nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewers-organisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

(2) in die landdrosdistrikte Die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Goodwood, Somerset-Wes, Strand, Stellenbosch, Kuilsrivier, Paarl en Wellington.

2. KLOUSULE 4.—LONE

Vervang subklousule (1) (a) deur die volgende:

<i>"(a) Werknemers, uitgesonderd los werknemers</i>	<i>Per week</i>
	R
Voormanbakker/-banketbakker.....	57,00
Inspekteur of opsigter.....	57,00
Bakker/Banketbakker.....	47,00
Bakkers- en/of banketbakkersassistent, man.....	32,50
Bakkers- en/of banketbakkersassistent, vrou.....	29,00
Nasiener/Versender.....	38,60
Bestelwaman—	
gedurende eerste jaar diens as bestelwaman in die Bak- en/of Banketnywerheid.....	40,00
daarna.....	46,00
Drywer.....	33,00
Werktuigkundige.....	61,80
Magasynman.....	44,50
Klerk, man, ongekwalifiseer—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	27,50
gedurende tweede jaar ondervinding.....	33,50
Klerk, man, gekwalifiseer.....	44,50
Klerk, vrou, ongekwalifiseer—	
gedurende eerste jaar ondervinding.....	23,00
gedurende tweede jaar ondervinding.....	29,00
Klerk, vrou, gekwalifiseer.....	33,50
Kantoorbode.....	28,50
Bestelwaman se assistent of afleweringssassistent—	
gedurende eerste ses maande diens by dieselfde werkgewer.....	27,00
daarna.....	29,50
Algemene werker, man—	
gedurende eerste ses maande diens by dieselfde werkgewer.....	27,00
daarna.....	29,50
Algemene werker, vrou—	
gedurende eerste ses maande diens by dieselfde werkgewer.....	25,00
daarna.....	26,50

	Per week R
Delivery employee—	
during first six months of employment with the same employer.....	27,00
thereafter.....	29,50
Watchman.....	30,50

Provided that a general worker engaged in removing, emptying or replacing sanitary pails shall be paid the sum of 25c per week in addition to the weekly wage prescribed for a general worker."

Signed at Cape Town on behalf of the parties this 24th day of September 1979.

H. A. SCOTT, Chairman.

L. J. KENSLEY, Vice-Chairman.

J. D. F. COLINESE, Secretary.

No. R. 2755 7 December 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY, CAPE.—AMENDMENT OF PENSION FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Electrical Contracting and Servicing Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28 February 1982, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28 February 1982, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY (CAPE).—PENSION FUND

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

South African Electrical Workers' Association
and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape),

to amend the Agreement published under Government Notice R. 2169 of 3 December 1971, as amended and renewed by Government Notices R. 2367 of 14 December 1973, R. 263 of 25 February 1977 and R. 2385 of 1 December 1978.

	Per week R
Besteller—	
gedurende eerste ses maande diens by dieselfde werk-gewer.....	27,00
daarna.....	29,50
Wag.....	30,50

Met dien verstande dat 'n algemene werker wat sanitêre emmers verwyder, leegmaak of vervang, 25c per week betaal moet word benewens die weekloon wat vir 'n algemene werker voorgeskryf word."

Namens die partye op hede die 24ste dag van September 1979 in Kaapstad onderteken.

H. A. SCOTT, Voorsitter.

L. J. KENSLEY, Ondervoorsitter.

J. D. F. COLINESE, Sekretaris.

No. R. 2755 7 Desember 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

ELEKTROTEGNIËSE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID, KAAP. — WYSIGING VAN PENSIOENFONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 Februarie 1982 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 Februarie 1982 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAË

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIËSE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID (KAAP).—PENSIOENFONDS

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Electrical Contractors' Association (South Africa)

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

South African Electrical Workers' Association
en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemings- en Bedieningsnywerheid (Kaap),

om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2169 van 3 Desember 1971, soos gewysig en hernieu by Goewermentskennisgewing R. 2367 van 14 Desember 1973, R. 263 van 25 Februarie 1977 en R. 2385 van 1 Desember 1978, te wysig.

1. CLAUSE 1.—SCOPE OF APPLICATION

Substitute the following for clause 1:

“(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Electrical Contracting and Servicing Industry—

(a) by all employers and employees who are members of the employers' organisation and trade unions respectively;

(b) in the Magisterial Districts of The Cape, Wynberg [including that portion of the Magisterial District of Somerset West which, prior to 9 March 1973 (Government Notice 173 of 9 February 1973), fell within the Magisterial District of Wynberg], Simonstown, Goodwood and Bellville, in those portions of the Magisterial Districts of Malmesbury and Stellenbosch which, prior to the publication of Government Notices 171 of 8 February 1957 and 283 of 2 March 1962, respectively, fell within the Magisterial District of Bellville and in that portion of the Magisterial District of Kuils River which, prior to the publication of Government Notice 661 of 19 April 1974, fell within the Magisterial District of Stellenbosch but which, prior to 2 March 1962, fell within the Magisterial District of Bellville.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall—

(a) only apply to employees referred to in clause 5;

(b) not apply to any employee who at 13 December 1971 is, or thereafter becomes, a participant in and member of any other fund providing provident and/or pension benefits, which fund was in existence on the said date and in which the employer of that employee was on the said date a participant, or to the employer of that employee during such period only as such other fund continues to operate and both employer and employee participate therein, if in the opinion of the Council the benefits of such other fund are, on the whole, not less favourable than the benefits provided by this Fund: Provided that a fund which provides solely for payment of benefits on death shall not be deemed to be a pension or provident fund for purposes of this Agreement.”

2. CLAUSE 5.—MEMBERSHIP

Substitute the following for clause 5:

“5. MEMBERSHIP

(1) Membership of the Fund shall be compulsory for electricians and journeymen under the age of 65 years for whom wages are prescribed in clause 4 (1) (a) of the Agreement published under Government Notice R. 2466 of 21 December 1973, as amended from time to time (hereinafter referred to as the “Industrial Agreement”), and for apprentices during their fifth year of apprenticeship who are employed in the Electrical Contracting Section of the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape).

